

Donderdag 14 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 23:1-8

Fokusgedeelte: Jeremia 23:5, 6

Die Spruit van Dawid herstel ons verhouding met God

Die verbondsvolk het misluk. Juda het die Here verlaat. Hulle godsdiens het oppervlakkige vormgodsdien geword. Hierdie mislukking was katas-trofies. Die konings van Juda, die profete en die priesters het almal deel gehad in hierdie mislukking. Almal het die straf en oordeel van die Here verdien.

Ook ons mislukking wys in ons sonde. Verbondskinders oortree vandag steeds die Here se Wet – verbreek al sy gebooie. Die kerk van Christus se stem is dikwels stil in ons land. Die vrees van die Here en die eer van die Here, dit soek die verbondskinders nie meer nie. Die ampsdraers staan saam met die ander verbondskinders skuldig voor die Here.

Die Here is die genadige en getroue Verbondsgod. Hy laat sy verbondsvolk nie op die weg van totale vernietiging gaan nie. Hy bly getrou aan sy verbondsbelofte. Hy verseker Juda van 'n nuwe toekoms. Hierdie nuwe toekoms word werklikheid deur 'n Spruit uit die nageslag van Dawid. Hierdie Spruit sal die verhouding met God weer herstel en die verbondsvolk regeer.

Christus is hierdie Spruit. Hy herstel ons verhouding met God deur sy dood en opstanding. Hierdie herstelde verhouding met God is nie vir almal nie, maar net vir die mens wat van die Heilige Gees ware geloof in Christus ontvang. In so 'n gelowige werk die Heilige Gees bekering.

In die krag van die Heilige Gees kan en moet elke ware gelowige 'n lewe van bekering leef. Deur bekering verander 'n lewe van mislukking in 'n nuwe lewe met God en vir Hom.

Sing: Psalm 38:1, 17 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)